

SKRIFGEDEELTE: GENESIS 16:1-6

FOKUSGEDEELTE: GENESIS 16:7-9

Ismael en God se genade

Ons kan so ongeduldig wees as God nie dadelik ons gebede verhoor of sy beloftes nakom nie. Dan beraam ons ons eie plannetjies, al is dit teen God se wil. Dit is wat Abram en Sarai gedoen het toe hulle na soveel jare van wag nog nie hulle beloofde seun gekry het nie. Sarai het die leiding geneem dat Abram 'n seun by haar slavin verwek.

Wanneer ons aan God ongehoorsaam is, is daar altyd negatiewe gevolge: Hagar het op haar eienares begin neerkyk (vs 4). Daar het wrywing tussen Abram en sy vrou, Sarai, gekom (vs 5). Sarai het wreed teenoor haar slavin opgetree (vs 6). Hagar het weggeloop van haar eienares af (vs 6).

Ten spyte van Abram en Sarai se ongehoorsaamheid, was God steeds genadig. Hy het steeds sy belofte nagekom en op sy tyd aan hulle die beloofde seun gegee. Hy het Hagar se swaarkry gehoor en sy het aan Ismael geboorte gegee. Ismael beteken "God hoor". Ismael is 'n groot nageslag belowe.

Die Engel van die Here het Hagar teruggeroep toe sy onderweg was na haar vaderland, Egipte, toe. Die Engel van die Here is God se eie Seun wat Sarai terugroep om ten spyte van al die stukkendheid in haar lewe, aan God se verbond deel te hê. Sarai en Ismael kon net deel hê aan God se verlossing as hulle deel was van sy verbondsvolk.

Sien jy God se genade in jou gebroke en sondige lewe? Ismael en sy nageslag het ongelukkig God se genade in die wind geslaan.

Wat doen jy met God se genade?

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2

Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld)